8

# DIE VOORTREKKER-IDEALE IN DIE MODERNE WÊRELD.

Terwyl ons nou die Groot Trek op die eeu-tyd weer belewe, is dit seker gepas om die vraag te stel in hoever daar in die moderne wêreld en ons hedendaagse Suid-Afrika nog plek is vir en lewenskrag is in die Voortrekker-ideale: naamlik om op die Afrikaanse hoogland die Christelike beskawing te vestig volgens suiwer Afrikaanse styl in 'n eie republikeinse staatsverband met voogdy oor die gekleurde bevolking sonder gelykstelling.

Die vestiging van 'n Christelike beskawing op die Afrikaanse hoogland—gee die moderne wêreld nog ruimte vir die verwesenliking van hierdie ideaal? Ons weet dat die Christelike beskawing teenswoordig op die afdraend is—nie alleen daarin dat die Christelike volke van die wêreld relatief verswak teenoor die nie-Christelike volke veral van die Ooste nie, maar ook daarin dat in die Christelike volke self die Christendom steeds minder die toon aangee. Liberalisme en Materialisme, die heersende rigtinge van die negentiende eeu, het reeds gevoer tot die bolsjewisering van Rusland en gevolglik tot die ontkerstening van 'n baie groot deel van die moderne wêreld; en die idealisties-romantiese reaksie daarteen, met name in Italië en Duitsland, het wel tot resultaat gehad die vestiging van 'n nominaal Christelike Staatsbeleid, maar dit was 'n beleid wat sy Christelikheid veral gevind het in anti-semitisme en wat teenoor die Christelike kerk byna net so antiteties staan as teenoor die Jodedom. Frankryk weer, wat nog die liberalisme huldig, is byna ewe ateïsties in sy staatsbeleid as Rusland. En dit moet duidelik wees dat hierdie moondhede in bond met die Mohamedanisme die kerstening van Noord Afrika menslikerwys gespreek bykans uitskakel.

Enigsins anders staan dit egter met Suid-Sentraal-Afrika, wat meer onder Angel-Saksiese invloed staan. Want in die Angel-Saksiese wêreld geniet die Christendom nog amptelike erkenning, hoewel dit ook nie meer baie krag uitoefen nie. Ook hier gee liberalisme en materialisme eigelik die toon aan en bemoeilik hulle dus ook die kerstening van Afrika se hoogland, in so ver as dit verengels word. Maar tog word hier nog ruimte gelaat vir Christelike ontwikkeling, wat dus slegs sal afhang van die selfhandhawing van die Afrikanerdom met behoud van sy Christelike karakter en dus ook sy evangeliserende werking. Is daar dan in die moderne wêreld nog plek vir 'n suiwer Afrikaans-Christelike lewensstyl van die Afrikanerdom?

Die kulturele nasionalisme leef wel baie sterk op in Europa teenswoordig, maar die Afrikanerdom het nie direk voordeel daarvan nie,

aangesien hy in direkte verband leef met die Britse Ryk, wat 'n baie sterk invloed uitoefen ten gunste van die Britse lewensstyl oral in die Britse gebied. Die verbritsingsproses, waarvan die Voortrekkers, met Potgieter vooraan, probeer uitwyk het, is al 'n eeu en meer voortdurend aan die gang en word gesteun met politieke, ekonomiese en kulturele middels na gelang van omstandighede. Op die oomblik werk die ekonomiese faktore miskien die sterkste en wel in hul verband met die immigrasie-gevaar. Dat die Afrikanerdom teenoor hierdie invloede tot nog toe standgehou het, is 'n wonderwerk wat goeie moed gee vir die toekoms. Maar 'n groot gevaar skuil in die gangbare neiging om die Afrikanernasie te laat opgaan in 'n sogenaamde Suid-Afrikaanse nasie wat die produk sal wees van vereniging tussen die Hollandse Afrikaners en die ander blanke bevolkingsgroepe, veral Engelse en Jode. Hierdie neiging tog laat die handhawing van die Afrikanerdom se eie goed verflou en wek selfs vyandskap teen sodanige selfhandhawing, wat dan vir „politiek" uitgemaak word. As die Eeufeesjaar egter sy boodskap voortaan so duidelik en sterk laat uitgaan soos tot nog toe, die boodskap naamlik dat almal wat die erenaam van Afrikanerboer wil dra—dit het tog al weer 'n erenaam geword, nie waar nie?—dat hulle almal bymekaar moet kom, saam moet staan, die Afrikanernasionaliteit op alle gebied moet handhaaf en alle goedgesinde vreemdelinge moet uitnooi om daarby aan te sluit, dan sal ook hierdie gevaar van denasionalisasie vermy kan word en die Christelike beskawing op Afrikaanse styl vergoed gevestig kan word in ons land. Maar dan moet ons ook al dadelik daar byvoeg dat sodanige selfhandhawing teen die gevare wat ons nasionaliteit bedreig, nie permanent moontlik sal wees sonder dat dit beskerm word deur 'n eie, onafhanklikvrye Afrikaanse staatsorganisasie. Wat van hierdie Voortrekker-ideaal van 'n eie republikeinse staatsverband?

Die ideaal leef nog wel in elke Afrikanerhart. Maar hoe kan dit verwesenlik word teen die verset van ons Engelssprekende medeburgers en van die Britse maghebbers in? Wat laasgenoemde betref, hulle mag, veral op ekonomiese gebied, is nog geweldig in Suid-Afrika, en daardie mag word doelbewus uitgeoefen in anti-republikeinse sin. Dit is dan ook vanselfsprekend dat die invloed daarvan veral sterk is op ons Engelssprekende medebrugers, omdat hulle lojaliteit nog half verpand is aan Engeland, hulle eigelike "Home." Hulle sou egter mettertyd gewen kan word, na mate hulle meer geneig word deur die inwerking van ons land op hulle en deur die aantreklikheid van ons Afrikaanse nasionaliteit om self Afrikaners te wees. Maar dan bly daar nog die groot moeilikheid van ons afhanklikheid en swakheid in die groot wêreld, wat 'n groot deel van ons bevolking bevang met vrees om alleen te staan en dring om

beskerming te soek by Groot Brittanje. Hierdie neiging is die groot gevaar vir die republikeinse ideaal van die Voortrekkers; en 'n ander een daarmee verwant is die gevoel dat 'n bevredigende reëling met die ander Britse gebiede in Afrika alleen verkry kan word as Suid-Afrika ook in die Britse verband bly. Bekyk ons hierdie teëwerkende invloede goed, dan sal dit egter spoedig blyk dat hulle van 'n tydelike en verbygaande aard is. Want na mate Suid-Afrika sterker word en Engeland relatief swakker in die wêreld, sal die beskermingsargument sy krag verloor. En wat betref wenslike reëlinge met die res van Brits-Afrika, die kan binne 'n kort tydjie vereers geheel afgehandel wees. Alles sal dus maar daarvan afhang of ons die republikeinse voortrekker-ideaal lewendig kan hou by die Afrikanerdom deur dit gedurig as doelwit voor oë te hou en deur ook van stap tot stap die verwesenliking daarvan voor te berei.

Maar die Voortrekkers het hulself nie slegs voorgestel die vestiging van 'n Christelik-Afrikaanse Republiek in die hoogland van Afrika nie; hulle het terdeë besef dat die vervulling van daardie ideaal in die strengste sin afhanklik is van die heerskappy van die blanke beskawing ook oor die gekleurde bevolking van Suid-Afrika, met die doel om daardie bevolking in te skakel as hulpkrag vir die beskawings-ontwikkeling van ons land en om also ook die gekleurde bevolking te ontwikkel tot 'n Christelike beskawing van sy eie. Dit is die ideaal van kleursegregasie wat onverbiddelik gekant is teen enige bloedvermenging. Hierdie ideaal is nog steeds bestry deur die liberalisme en word vandag ook in Suid-Afrika bogronds en ondergronds beveg deur die bolsjewistiese kommunisme, wat nou weer drie Afrikanerdogters na Rusland gevoer het om die arbeiderbroederskap sonder onderskeid van ras of geloof te leer verheerlik. Maar dit word in besonder bedreig deur die ekonomiese verval van 'n baie groot deel van die Afrikanerdom, wat meebring dat blank en gekleurd op dieselfde lae peil moet lewe, dikwels in onderlinge verkeer en selfs samewoning. Daarteenoor staan die feit dat die opkoms van die Europese nasionalisme waarna reeds verwys is en veral die verwagte herstel van Duitse Kolonisasie in Afrika asook die moderne sosiale wetenskap kragtige steun bied aan die Voortrekkers se segregasie-ideaal.

Ons slotsom kan dus seker wees dat die omstandighede van die moderne wêreld waarin ons by die eeufees verkeer, die verwesenliking van die Voortrekkerideale nie onmoontlik maak nie, mits die Afrikanerdom daaraan trou bly. Maar aan die ander kant sal dié verwesenliking die saamtrekking van al die kragte van die Afrikanerdom onder inspirasie van die grootse herdenkingsfees van 1938 noodsaaklik maak: die Afrikanerdom sal weer moet terugkeer na sy eie toe, die Afrikaners sal na mekaar toe moet terugtrek, soos hulle reeds doen, en alle verdeeldheid oor

lewensbelange uitdelg, en in besonder sal die Afrikanerdom hom moet bevry van sy ekonomiese knegskap deur in die Tweede Groot Trek na die stede van Suid-Afrika toe doelbewus beslag te lê op die magtige stedelike rykdomsbronne van handel en industrie. Daarvoor is nie nodig 'n anti-Engelse of anti-Joodse of anti-Asiatiese beweging nie—al wat nodig is, maar dit sal volle kraginspanning vereis—is dat die Afrikanerdom Afrikanerbesigheid sal ondersteun deur saamsnoering van hul koopkrag, hul kapitaalkrag en hul besigheidsvernuf. Hiervoor is die wil reeds daar—slegs die organisasievorm moet nog verskaf word; en dit, hoop ons, sal gedoen word deur die Volkskongres vir reëling van die Eeufeesreddingsdaad wat reeds aangekondig is vir 1939.

L. J. DU PLESSIS.

Potchefstroom.